OLD MUTUAL SUPERFUND

OPVOEDKUNDIGE NUUSFLITS VIR LEDE

UITGAWE 8

Lidvoordelestaatseisoen: #THETIMEISNOW

om u aftreespaargeld noukeurig in oënskou te neem en 'n hupstoot te gee!

Is u huidige aftreespaargeld (lidrekeningbalans) voldoende om eendag voorsiening te maak vir u aftrede?

Waarskynlik weet u nie wat die antwoord op hierdie vraag is nie. Ons is so geneig om ons aandag te bepaal op spaar aan ons pot geld dat ons nie genoeg aandag skenk aan die vraag of hierdie pot in werklikheid genoeg sal wees om ons eendag van 'n redelike inkomste te voorsien nie.

Heroorweging van aftrede behoort te begin met 'n eenvoudige vraag:
"Wat is 'n goeie aftrede vir my?"

Vir die meeste van ons is 'n "goeie aftrede" een waarmee ons in staat is om ons lewenstandaard tydens aftrede te handhaaf en nie later in ons lewe op ons kinders hoef staat te maak nie.

Met ander woorde, 'n "goeie aftrede" sou beteken dat ons 'n vlak van inkomste ontvang wat ons uitgawes elke maand dek, en verhogings in pas met die lewenskoste vir die res van ons lewe.

Hoe kan u uitvind of u op koers is na 'n goeie aftrede?

Dit is die lidvoordeelstaatseisoen en u behoort onlangs u Jaarlikse Lidvoordelestaat (LVS) vir Junie 2018 van die Old Mutual SuperFund te ontvang het.

U LVS voorsien u van besonderhede van u huidige aftreespaargeld, 'n opsomming van u fondsvoordele en 'n aanduiding hoe u tred hou met u inkomstedoelwit vir aftrede.

In plaas daarvan om slegs vlugtig na u LVS te kyk ... druk dit uit en gebruik dit vir 'n betekenisvolle bespreking met u finansiële raadgewer. Indien u nie 'n finansiële raadgewer het nie en graag een wil hê, skakel Lidondersteuningsdienste by 0860 38 88 73.

In die tussentyd kan u ook die retirement calculator gebruik om te sien wat u maandelikse bydrae tot u aftreefonds behoort te wees.

Veronderstel u is nie op koers om u inkomstedoelwit te bereik nie, kan u dit op drie maniere regstel:

1. **U kan u bydraekoers verhoog of addisionele vrywillige bydraes maak (praat met u MH);**
2. **U kan die moontlikheid ondersoek of 'n alternatiewe beleggingstrategie voorsiening maak vir hoër beleggingsopbrengste (kyk na ons Financial Wellbeing Programme en gesels met u finansiële raadgewer; of**
3. **U kan moontlik later aftree (u aftrede uitstel).**

"'n Groot deel van finansiële vryheid is 'n hart en gemoed vry van bekommernis oor die wat- van's van die lewe" - **Suze Osman**

OLDMUTUAL

CORPORATE

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Indemnity: While every effort has been made to ensure that the information in this newsletter is correct, Old Mutual SuperFund Pension and Provident Funds and Old Mutual take no responsibility for any loss or damage suffered by any person as a result of their reliance on the information contained herein. Old Mutual is a licensed Financial Services Provider.